

17 November

Skrifgedeelte: Handeling 1:1-14
Fokusgedeelte: Handeling 1:12-14

Voorwaarts mars in die krag van die Gees

Jesus het verskeie kere na sy opstanding aan sy apostels verskyn. Eenkeer het Hy hulle beveel om nie van Jerusalem af weg te gaan nie, maar om te “*wag op die gawe wat die Vader belowe het ...*” (vs 4). En daardie “gawe” was dat hulle “*met die Heilige Gees gedoop (sal) word*” (vs 5). ’n Ander keer het Jesus vir hulle gesê *waartoe* hulle met die Heilige Gees gedoop gaan word ...! “*Julle sal krag ontvang ... en julle sal my getuies wees...*” (vs 8). ’n Getuie getuig van wat hy gesien en gehoor het (Hand. 2:4-6). Dit was die apostels se taak!

Na hierdie taakoms krywing vaar Jesus op na die hemel. Die volgende wat ons lees, is dat twee engele vir die apostels sê: “*Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het.*” Hier word belowe dat Jesus weer kom. Al het Hy so pas opgevaar, is Hy besig om aan sy wederkoms te werk. Hy is besig om sy bruidskerk vir die bruilof van die Lam voor te berei (Op. 19:7-9). Daarom die vraag: “Wat staan julle so na die hemel en kyk?” Dit is ’n onvrugbare tydverdryf. Daar is werk om te doen op die aarde – hy wat die koms van die Here die dringendste verwag, werk die hardste daarvoor op aarde (Matt. 24:45-51). Daar is ’n evangelie waarvan getuig moet word.

Dit is juis wat die apostels na hierdie engele-vermaning gedoen het. Hulle is Jerusalem toe, na die bovertrek ... en het “*volhard in gebed*”. Waarvoor het hulle gebid? Om die vervulling van die *belofte* van die Gees (vs 4, 5, 8). Om die Heilige Gees te ontvang, was vir hulle onontbeerlik ... deur Hom kon hulle vir God lewe en getuig. Deur sy krag kon hulle meewerk aan die wederkoms van Christus deur van Hom te getuig.

Die belofte van die uitstorting van die Heilige Gees is vervul. Ons moet egter steeds bid dat die Gees in ons sal woon en werk (Luk. 11:13). Die wederkoms van Jesus Christus is nog net ’n belofte. Hoe wag ons op hierdie beloftevervulling? Hou ons ons sinvol besig deur in die krag van die Gees te getuig van die ware lewe in God? Of verwyd ons ons tyd op onvrugbare praktyke?

Die kerk van die Here sal alleen kan groei ... in getal en geloof ... as ons weer diep afhanklik van die Gees in woord en daad sal lewe om God aan hierdie wêreld bekend te stel. Hy kom weer ... en dan sal sy bruid saam met Hom feesvier.

Sing: Skrifberyming 8-1:2

Ds. AB (Braam) van der Walt (Lichtenburg)